PREDIKANTE

Ds. Anton Dednam
060 996 7291
anton@gkrietvallei.co.za
(Wyke met gelyke nrs.)

Ds. Danie Potgieter
072 272 9631
danie@gkrietvallei.co.za
(Wyke met ongelyke nrs.)

SKRIBA
Ouderling Deon Venter
083 376 7523
skriba@gkrietvallei.co.za

DIAKONIE
Diaken Annamarie van der Merwe
083 264 0328
avdm2@mweb.co.za

OPERASIONELE BESTUURDER
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695
thomas@gkrietvallei.co.za

SUSTERS
Sr. Inneke Dedman
081 750 6468
gkrietvalleisusters@gmail.com

FINANSIES
Estelle Strydom
012 347 7362
fin@gkrietvallei.co.za

ADMINISTRASIE
Diaken Karen de Lange
012 347 7362
admin@gkrietvallei.co.za

KOSTER
Ouderling Thomas Coetsee
061 197 3695

ORRELIS
Sr. Christine v Helden
072 658 5664
christine@realaccounting.co.za

ELJADA
eljada@gkrietvallei.co.za

Eljada

Die Here voorsien

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

Vertel en Leef die Goeie Nuus

"Die Here is geduldig, maar geweldig sterk. Die Here laat beslis niks ongestraf nie. Deur donderstorm en orkaan loop sy pad, wolke is die stof van sy voete." Nahum 1:3

2 Augustus 2026

WOORDBEDIENING

OGGENDDIENS om 09:15

Psalm 115: 1 en 8
Psalm 107: 1 en 3
SB 2-6: 5 en 7
Psalm 105: 1, 4, 5 en 6
SB 2-7: 2 en 3

Skriflesing: Openbaring 15: 1 – 8 (2020 Vertaling)

" [1] Toe het ek in die hemel 'n ander groot en wonderbaarlike teken gesien, naamlik sewe engele met die sewe laaste plae, omdat die toorn van God daarmee tot 'n einde gekom het.

[4] Wie sal dan nie vir U ontsag hê nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en in aanbidding voor U neerval, want u regverdige dade is geopenbaar."

Openbaring 15:1, 4

Tema: Loof die HERE vir sy regverdige oordeel.

WOORDBEDIENING

AANDDIENS om 18:00

Psalm 95: 1, 4
Psalm 135: 1, 2, 3
Psalm 91: 1, 8
Psalm 67: 1, 2

Skriflesing: Eksodus 20: 4-6 (1933/53 Vertaling)

" [5]Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; [6] en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou."

EKSODUS 20: 5-6

Tema: Ons jaloerse God

1. Die HERE jou God is 'n jaloerse God.
2. Hy besoek die misdaad van die vaders aan die kinders.
3. Hy bewys barmhartigheid aan duisende van dié wat Hom liefhet.

ATTESTATE

Die volgende lidmaat het aangedui dat hy, hom vereenselwig met die leer, diens en tug van die GKSA en word met vreugde opgeneem:

† **Br. Klaas Korterink(A08)**

Verjaardae Meelewing

BAIE GELUK

Saam met elke lidmaat wat hierdie week verjaar, dank ons die Here vir nog 'n geseënde lewensjaar.

Sr. Anet Prinsloo (A26) vier vandag 2 Augustus haar 80ste verjaarsdag en sr. Edna Blignaut (A10) vier DV 8 Augustus haar 80ste verjaarsdag.

Ons bid vir hulle in besonder, maar ook vir elke lidmaat wat verjaar die Here se genade en vrede vir 'n vreugdevolle nuwe lewensjaar toe.

"Gelukkig is die mens wat die God van Jakob as sy hulp het, wie se hoop gevestig is op die Here, sy God"
Psalm 146:5

BELYDENDE LIDMATE

02 Aug	Cherez de Beer	A16
02 Aug	Theuns Krüger	D23
02 Aug	Anet Prinsloo	A26
02 Aug	Jolandie van Vuuren	A10
03 Aug	Johann Coetzee	D09
03 Aug	Lynette Coetzee	D17
03 Aug	Pieter Ferreira	A24
03 Aug	Hennie Prinsloo	A32
04 Aug	Philip Schoeman	A14
05 Aug	Francia Bisschoff	D25
05 Aug	Franke Linde	D17
05 Aug	Hendrik Steenkamp	A22
05 Aug	Wilma Vermaak	D13
06 Aug	Claudia Steenkamp	A22
07 Aug	Frans Vermaak	D35
08 Aug	Edna Blignaut	A10
08 Aug	Wikus van Wyk	D17
08 Aug	Sunette Venter	D17

DOOPLIDMATE

04 Aug	Ulrich Pelser	D03
04 Aug	Petrus Venter	D27
05 Aug	Amilie Coetzee	D29
06 Aug	Elize Fourie	D15
06 Aug	Pieter Fourie	D15
07 Aug	Leané van Rooyen	D17

Die volgende lidmate word aan die sorg van ons Here opgedra:

- Ulrich Pelser, seun van br. Kobus en sr. Eloise Pelser (D03) word nog gehospitaliseer en ontvang behandeling.
- Br. Jan Greyling (A18) is Vrydag ontslaan en herstel tuis na 'n rug-operasie.
- Sr. Helena Kirsten (A08) herstel tuis na 'n oog-operasie.
- Sr. Nelie Vermeulen (A32) het verlede week 'n arm-operasie ondergaan en herstel tuis.
- Sr. Magda Prinsloo (A32) het Donderdag 30 Julie 'n operasie ondergaan.

DOOP:

Baie geluk aan br. Hanno Labuschagne en sr. Ané Rousseau-Labuschagne (D31) wat vandag hulle babadogter Amelia ten doop hou. Baie welkom aan al die grootouers en familie wat in die geleentheid deel.

Inligting

Kollekte by deure vir die GKSA JEUGSORG

Kollekte onder die diens gaan vir die barmhartigheids-diens van die diakens

Die Deputate Jeugsorg bevorder toerusting van, en skakeling met die Jeug d.m.v jeugtydskrifte, toerustingsmateriaal en die GKJeug-webblad en Kruispad-webblad
Net een kollekte word jaarliks vir Jeugsorg in die GKSA ingesamel.
Baie dankie vir u bydrae.

RIETVALLEI SE BANKREKENING-BESONDERHEDE

Kerkkas: Rekeningnommer: 34 9014 4306 Gebruik asb. verwysing: WYK VAN NAAM

Diakonie: Rekeningnr: 40 5113 8620

Susters: Rekeningnr: 40 9473 9097

Franse Mediabediening: 40 4878 6755

Al die rekeninge is by ABSA takkode: 632 005

2 – 8 Augustus

Aktiwiteite hierdie week

VANDAG – 2 Augustus

Skinkbeurt: Wyke A06 & D09
Gr 8-12 Gesprek saam met ds. Anton

MAANDAG – 3 Augustus

Pluimbal: 16:00 - 20:00
Bybelstudie Jong werkendes: 18:00 (Biblioteek)
Bybelstudie Studente: 19:00 (Raadsaal)

DINSDAG – 4 Augustus

Senior Bybelstudie: 10:00 (Raadsaal)
Buitengewone Kerkraadsvergadering 19:00

WOENSDAG – 5 Augustus

Pluimbal: 17:00 - 20:00

DONDERDAG - 6 Augustus

Gemeente Bybelstudie: 09:00 (Saal)

VRYDAG - 7 Augustus

Bybelstudie: Vroegoggendvolgelinge: 06:00
Koinonia 17:00 - 21:00

BYBELVERSPREIDING

Ons Bybelverspreidingsfokusweek kom nou vinnig nader! Daarom herinner ons graag elke lidmaat aan die jaarlikse Borg-'n-Bybel projek. Elke lidmaat word versoek om te probeer om minstens een Bybel teen R100 per Bybel te borg. Gebruik gerus die botteltjies op die Bybeltafel in die portaal (elke botteltjie hou 20 R5-munte = R100) of doen 'n EFT gemerk Bybelverspreiding. Kom ons poog om 500 Bybels te borg.

Baie dankie vir u bydrae!

Skinkbeurte

2 Aug - Sondag
A06 & D09

9 Aug - Sondag
Sustersbestuur

16 Aug - Sondag
A08 & D13

Augustus 2026

GEREFORMEERDE KERK RIETVALLEI
vir God • vir mekaar • vir die wêreld

23 Aug - Sondag
A10 & D01

30 Aug - Sondag
Geen skinkbeurt - NAGMAAL

Vergaderings:

26 Aug - Woensdag: Ouderlinge & Diakens
Sustersbestuur en vrywilligers

Sustersbestuurslid aan diens:
Karin Holtzhausen - 082 726 2136

Kontak Karin vir enige navrae rakende die kombuis en ander suster-sake gedurende Augustus

RIETVALLEI 40

Net om die geheue te verfris: **Jaartema 2027:** Ons is SAAM deur die Gees afgesonder om God se verlossingsdade te verkondig. (1 Petr. 2: 9 en 10)

Twee semesters met Sondag 20 Junie 2027 die fokusdatum (naaste Sondag aan 21 Junie – “gemeenteverjaarsdag”).

- **Eerste Semester:** Januarie tot Junie 2027: Terugskouend: Het ons die gawes wat die HERE gee werklik tot eer van Sy Naam gebruik?
- **Feesnaweek: 18 tot 20 Junie**
- **Tweede semester:** Rietvallei as toekomsgerigte kerk van die HERE.

Baie dankie vir die voorstelle vir embleme (logos) wat ons ontvang het! Daar is pragtige “oogvang”-voorstelle wat dit moeilik gaan maak om te kies. Ons sal eerdaags ‘n keuse maak en die gemeente inlig.

En ondertussen ontvang ons graag:

- Foto’s en kiekies
- Interessante stories en staaltjies wat deur die loop van 2027 in die Eljada en Rietfluit gebruik kan word.

Stuur asseblief julle bydraes per e-pos aan eljada@gkrietvallei.co.za of steynhercules@gmail.com.

HUWELIKSHERDENKING

Baie geluk aan br. Jan en sr. Deleen Kornelius (D15). Hulle vier DV 05 Augustus hulle 54ste huweliksherdenking.

Heerlike

Sop en Sjerrie

Hartverwarmend

Alle senior lidmate word hartlik uitgenooi vir Sop en Sjerrie

Saterdag, 15 Augustus

Tyd: 11:00

Waar: GKR Saal

Indien u die oggend wil bywoon, skryf jou naam op die lys in die voorportaal

Liewe Susters,

Ons benodig geskenkies/donasies vir ons Damesoggend.

Geskenkies soos:

- Spa/Naels geskenkbewys
- Opgemaakte geskenkies van vel produkte
- Restaurant geskenkbewys vir 2 (lekker date-night)
- Enige dames geskenkies of kontant donasies.

Kontak asb vir Carin Rheeder 061 818 4265 as jy n geskenkie wil borg of donasie wil maak.



Weereens dankie.
Groete, Sustersbestuur.

GKR

Damesoggend 2026

Lente van binne en buite

HOU DIE DATUM OOP:

5 September 2026

09:00

Wil jy graag die oggend bywoon maar sien nie kans om as gasvrou op te tree nie?
Koop gerus 'n kaartjie teen R200.
Jou kaartjie sluit 'n eet-en drinkdingetjie in.

Gelde kan in sustersrekening inbetaal word.
(Sien Eljada vir bankbesonderhede).
Verwysing: Jou naam, van en damestee 2026.

KAARTJIE R200

GK RIETVALLEI | 5 SEPTEMBER 2026 | 09:00 | VIR ALLE VROUE EN MEISIES!

GASSPREKER



KARYNA LE ROUX

Versier jou met die Woord.

MODE-ONTWERPER



INGRID POUWELS
Ontwerper & eienaar van Ponki Bridal Collections

Leer watter styl, kleure en klere pas by elke vrou.

MOENIE DIT MISLOOP NIE!

MODEPARADE	EET EN KUIER SAAM	KIES JOU STYL MET SELFVERTROUE	THRIFTING Mooi tweedehandse klere te koop.

PLAAS JOU SKENKINGS vanaf 26 Julie tot – 24 Augustus – in die bokse in die kerk se voorportaal.

ELKE SKENKING maak 'n verskil!

Groete Sustersbestuur

GK Rietvallei
Gemeentekamp
2026
Zorgvliet
23 – 28 September
Inskrywings op GKR
Gemeenskap-WhatsApp

Koinonia
Gesin-kuier-aande
Vrydae 17:00-21:00
ALMAL WELKOM!

GKSA Nuus:

Hartlike gelukwense aan:

- **Ds Reinhart en sr. Amor Boersema** van GK Vaalwater met die geboorte van hul seuntjie, Nathan.
- **Ds Herman en sr. Susan Coetzee** van GK Middelburg (Oos Kaap) met die geboorte van hul eerste kleindogter, Misha.